PREEKOPSOMMING

Tema: **Leef vir VANDAG!**
Teks: Eksodus 16.
Kernverse: "***Hy sê: 'Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp. Kyk, NOU is dit die regte tyd, NOU is dit die dag van redding.'"*** (2 Korintiërs 6:2)
"Maar solank daar nog 'n 'vandag' is, moet julle mekaar elke dag aanspoor...." (Hebreërs 3:13)
Datum: 17 Januarie 2010.
Prediker: Dr Johan Kruger (sel: 0842568031)

Ons TYD op aarde

Ons as mense leef ons TYD op aarde hoofsaaklik in drie tydszones:
(1) Vandag – dit is nou.
(2) Gister – die verlede – wat verby is..
(3) Môre – dit is die toekoms – wat nog alles moet gebeur.

Met 'n stukkie navorsing in die korporatiewe wêreld het John Maxwell in sy boek, ***TODAY MATTERS,*** tot die gevolgtrekking gekom dat 35 % van mense se aandag, energie en breinkrag word hoofsaaklik gespandeer in die verlede; 60% van mense se aandag en energie is gerig op die toekoms en slegs 5% is gerig op vandag – die hier en nou. Dit bring ons by twee tendense uit van wat ons as mense oor die algemeen met VANDAG maak:

a. VANDAG word afgewater ten gunste van gister (die verlede).

Ons as mense kan so maklik vashou aan ons suksesse en nostalgies besig wees met die goeie dinge wat ons in die verlede beleef het, dat ons die ***"nou"*** en VANDAG heeltemal afwater. En dan is VANDAG nie so wonderlike dag nie. Dit klink na 'n kenmerk van bejaardheid. Soos die jare aanstap praat die oues van hoofsaaklik oor die ***"die goeie ou dae."*** Die goeie ou dae la-a-nk gelede die oë nog mooi kon sien en die bene vinnig kon loop ... en misdaad nie eers 'n bekende woord was nie. En daarom is die NOU nie so lekker nie. Die bekende spreekwoord sê: ***"The older I am, the better I was."*** En op dieselfde manier hou ons baie keer so vas aan die slegte goed wat in die verlede met ons gebeur het. Ons worstel té "lekker" met ons foute, mislukkings, stukkende drome en sonde wat in die verlede lê, dat die lewe van "vandag" afgewater by ons verbygaan. Daar is niks verkeerd om goeie herinneringe te hê oor die verlede nie, maar as ons so ongebalanseerd half hunker na die verlede dan word dit maar net 'n ontsnappingsroete uit vandag uit!

b. Lewensgeluk is nie in VANDAG maar word uitgestel na môre (die toekoms).

Ons lewensgeluk word baie keer nie in "vandag" gevind nie, maar in môre. Ons is almal maar op pad na môre ... Môre gaan ons drome waar word; môre gaan dinge anders wees; môre gaan dit beter en lekkerder wees. Dis mens-wees op sy beste! Ons praat daarvan as die ***"môre as..."-gesindheid:*** Môre as my besigheid begin groei, Môre as ek die lotto wen ... En dit is nie verkeerd om hoop en verwagtings vir die toekoms te hê en te beplan en teikendatums en aftreegeld reg te hê nie, maar as jy so leef vir die toekoms en wat alles moet gebeur, dan word VANDAG eintlik onbenullig, faal en flou – dit word 'n vervelige tyd in die hede.

Die realiteit

Hier is die realiteit. die lewe "gebeur" vandag – 1 sekonde op 'n slag – NOU!. Ons het net vandag tot ons beskikking om in te leef. Hoe belangrik môre of gister kan wees. Gister is gisteraand verby .... ons kan daaraan niks doen nie, môre is nog ver – God het alleenreg op môre. Indien ons vandag afwater en dit maar net weer laat verbygaan, mis ons die lewe .... (en die ergste van alles) **Jy mis vir God!**

God en VANDAG
Vir God is die belangrikste dag op die hemelse kalender VANDAG! Gister en môre is nie onbelangrik vir God nie – dit word deur die kruis van Jesus Christus uitgespel! Maar vandag is God se belangrikste dag vir twee redes:

Rede 1. God se redding gee Hy VANDAG!
Kyk weer na 2 Korintiërs 6:2: ***"Hy sê: 'Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp. Kyk, NOU is dit die regte tyd, NOU is dit die dag van redding.'"*** God se heel belangrikste werk doen Hy vandag – Hy red mense en verander mense vandag. Sy vernuwingswerk deur sy Gees doen Hy vandag (vgl. 2 Korintiërs 4:16) Lees ook Hebreërs 3 en 4 en vergelyk Hebreërs 3:13. Jy moet met al jou energie en wilskrag by vandag wees, anders mis jy God se vernuwingswerk in jou!

Rede 2 – God sorg vir sy kinders VANDAG!
God sorg vir sy kinders een dag op 'n slag. Kyk weer na Eksodus 16. Die Israeliete is reeds vir 'n maand of twee uit Egipteland die woestyn in. Dan begin hulle steen en been te kla. Hulle wou eerder in Egipte bly en daar sterf (die verlede) en verseker wees van 'n maaltyd as om in die woestyn staat te maak op die Here se versorging (vers 3). God hoor sy volk se murmering en Hy stuur manna uit die hemel voor dagbreek elke dag en slegs voor die Sabbatdag moes hulle vir twee dae optel – volgens elkeense behoefte. God sorg een dag op 'n slag en almal kry net mooi genoeg. Hulle kon nie bêre vir die volgende 6 maande nie, want vir God is VANDAG baie belangrik om te voorsien in sy kinders se basiese behoeftes.

Hoe leef ons vir VANDAG in 2010?
Riglyn 1 – Kyk VANDAG letterlik in die oë!
As jy in die oggende opstaan, voordat jy enigiets anders begin doen. Herinner jouself: ***God het hierdie dag gemaak. Hy gee dit vir jou as geskenk. Dit is nie maar net nog 'n faal vervelige dag nie. Vandag is onherhaalbaar. Daar is net een dag soos vandag.*** Psalm 118:24 sê ***"Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees."*** Kies dan om die dag saam met die Here te stap.

Riglyn 2 – Tel daagliks jou manna op!
Hoe tel ons daagliks in 2010 ons porsie manna op wat die Here vir ons wil gee? Baie eenvoudig. Jesus het vir ons in Matteus 6 in die Onse Vader-gebed geleer**: *"Gee ons vandag ons daaglikse brood."*** Jy smeek dit met leë hande van die Here af. Die daaglikse brood waarvan Jesus praat is alles wat jy nodig het om God na liggaam en gees te verheerlik – al jou basiese behoeftes. Maar dit is moeilik om dit eerlik te bid – want ons sit met 1 of 2 maande se kosvoorrade in die kombuis. Maar dit wat jy reeds in jou kaste het, is tog ook God se versorging vir VANDAG. Jou klere en ander basiese behoeftes is ook sy voorsiening vir vandag. Maar God gee tog ook méér as net brood – Hy gee ook vleis, vrugte, roomys, shokolade-sous oor die rroomys en eintlik is ons, as ons dit het, meer geseënd en bederf deur God. Vandag wil die Here vir jou sorg. Leef elke dag met leë hande voor die Here.

Riglyn 3 – Begin elke dag nuut en oor om te LEEF!
Begin elke dag as jy opstaan weer van voor af om te lééf en die dag (die oomblik) te beleef. Klaagiedere 3:21 en 22 lees ons die bekende vers: ***"Daar is geen einde aan sy (God) se ontferming nie, dit is elke môre nuut."*** God se ontferming en sorg het geen einde nie... dit hou nooit op nie .... dit is oneindig! God begin elke môre nuut en vars met jou te werk. Jou sondes is afgeskryf deur Jesus Christus, dis vir God vergete, jou foute en mislukkings tel nie vir God nie. Hy begin elke môre nuut en vars in jou lewe te werk. Doen jy dit ook. Begin elke dag nuut en kies om van elke sekond wat aftik die meeste te maak.

Leef vir VANDAG ... voluit!